# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/11)

*Justin Chadwick (10 Junie 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "If you don't read the newspaper you are uninformed, if you do read the newspaper you are misinformed." Mark Twain*

## CGA NEXT

Om die jeug na die sitrusbedryf te lok en te verseker dat hul deel van die bedryf bly, is iets wat ons by die CGA sien as 'n noodsaaklikheid en 'n belangrike deel van ons aktiwiteite. Die stigtingsvergadering van die volgende generasie (CGA NEXT) van sitrusprodusente, uitvoerders en diensverskaffers val saam met die komende CMF (22ste Junie 2011). CGA NEXT sal direk na die CMF om 15:00 begin en behoort teen 17:00 klaar te wees. Die drie doelwitte van die vergadering sal wees (1) om insae vanaf 'n kundige in die sitrusbedryf te kry, (2) om die doel en rigting van CGA NEXT in oënskou te neem en hoe dit bereik gaan word en (3) 'n gesellige samesyn. Paul Hardman het twee uitstekende sprekers vir hierdie geleentheid gekry - Lewis Gordon Pugh is wel bekend vir sy aanbieding oor klimaatsverandering en om in koue plekke te swem. Sy praatjie sal om 15:00 begin en is oop vir almal wat die CMF gaan bywoon (selfs vir die ouer garde). Daarna sal Stuart Symington etiek in die voorsieningsketting aanspreek. Hierna sal die CGA NEXT bespreek hoe hul gestruktureer wil wees en watter geleenthede hul vir die res van die seisoen beplan. Vir diegene **onder 35 jaar** en wat die geleentheid wil bywoon, RSVP asseblief na Paul Hardman (ph@cga.co.za). Ons wil jul ook aanmoedig om die CMF by te woon. Vir meer inligting oor CGA NEXT gaan na die CGA se webtuiste onder "What's New". **Besoek en sluit aan by die CGA NEXT FACEBOOK bladsy.**

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Onthou die datum: 22 Junie 2011 by Willow Park Konferensie Sentrum, vanaf 10:00 tot 15:00 (middagete vir almal wat rsvp na gloria@cga.co.za – as jy nie rsvp nie is daar nie middagte nie). Agenda is by www.cga.co.za beskikbaar.

## CGA LOGISTIEKE FOKUSGROEPE

Vroeër hierdie jaar het elke sitrus-streek sy Logistieke Fokusgroep verteenwoordiger gekies en daar is besluit om die geografiese streke in Noordelike Streke en Suidelike Streke in te deel om sodoende meer op die belangrikste sake te fokus. Die Noordelike Streke se verteenwoordigers is as volg: Zimbabwe – Paul Bristow; Limpopo Vallei – Neels Steyn; Letsitele – Jan-Louis Pretorius; Hoedspruit – Gerrie Kruger; Senwes (Groblersdal / Marble Hall) – Louis Niemann; Nelspruit – Andrew Muller; Onderberg – geen verkiesing; Swaziland – Stuart Geldenhuys; Nkwalini – Mike Wafer en Natal Midlands – Klonkie Classen. Die Suidelike Streke se verteenwoordigers is as volg: Oos-Kaap Midlands – Trevor Lentz; Sondagsriviervallei – Andre Mouton; Patensie – Anton be Beer; Vaalharts – Danie Matthewson; Boland – geen verkiesing; Citrusdal – Gerrit vd Merwe en Oranjerivier – Robert Johnston. Die Noordelike Streek se Fokusgroep sal vir die eerste maal by die CMF op 22 Junie vergader, terwyl die Suidelike Streek se Fokusgroep nog moet besluit wanneer hul gaan vergader.

## VOEDSEL EN VEEARTSENY KANTOOR (FVO)

In 2009 het die FVO 'n afvaardiging na Suid-Afrika gestuur om die maatreëls teen vrugtevlieg en CBS te ondersoek. Verskeie aanbevelings is deur die afvaardiging gemaak. Hierdie week het 'n opvolg afvaardiging in Suid-Afrika aangekom. Hul het met DAFF op Dinsdag vergader en toe na Letsitele, Hoedspruit en Nelspruit vertrek vir boord en pakhuisbesoeke tydens hierdie week. Hul sal ook CRI in Nelspruit besoek. Dankie aan alle produsente en ander bedryfslede wat gasheer vir die afvaardiging gespeel het en aan DAFF (Mike, Mashudu en Salamina) wat die program saamgestel het en die afvaardiging vergesel en aan Hennie le Roux (CRI) en Cyril Julius (PPECB) wat ook die afvaardiging vergesel. Volgende week sal die afvaardiging in die Noord-Kaap wees (Kakamas-streek) om 'n CBS-vrye streek te inspekteer. Daarna sal hul na Durban aanbeweeg om die hawe en 'n laboratorium in Pietermaritzburg te besoek. Dankie aan diegene wat bereid is om met volgende week se reëlings van hulp te wees.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

**Satsumas** is beslis klaar gepak met 1 687 000 kartonne wat gepak en vir uitvoer goedgekeur is, dit is minder as die aanvanklike skatting van 2 175 000 kartonne; en dit is ook die rede vir die laer syfer wat vir **sagte sitrus** voorspel is (sien onder). Sover is 1.8 miljoen kartonne van die geskatte 2.6 miljoen kartonne clementines reeds gepak. Die Sagte Sitrus Fokusgroep het hul jongste voorspelling marginaal verhoog – met 100 000 kartonne. Dit word deur die vermindering van 100 000 kartonne van die **Pomelo** FG geneutraliseer. Marsh pomelo's is steeds aan die afneem met slegs 1 miljoen kartonne wat tot op datum gepak is (2009-1.6 m; 2010-1.3 m). Die **Suurlemoen** FG het ook hul voorspelling verminder – hierdie keer met 200 000 kartonne.

**Pomelo** verskepings het dieselfde patroon as in 2010 gevolg - N Europa 42%; Japan 26%; Rusland 14% en VK 5%. **Sagte Sitrus** het hoofsaaklik na die VK gegaan (2011: 44%; 2010; 40%); N Europa en Rusland het beide 19% geneem, Midde-Ooste 5% en VSA 3%. **Nawel** verskepings na Rusland is hoër as laasjaar (2010 17%; 2011 29%); Midde-Ooste het ook 29% (2010 33%) ontvang met N Europa 22% (2010 25%) en VK 6% (2010 7%). **Suurlemoene** is na die Midde-Ooste 39%; Rusland 28%; N Europa 10%, VK 6% en Verre Ooste 9% verskeep.

| Tot Week 22 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo' s | 7.9 m | 7.2 m | 8.3 m | 5.4 m | 7.2 m | 14.7m | 14.7m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 3.7 m | 4.7 m | 4.1 m | 3.7 m | 3.3 m | 7.9m | 7.5m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 3.4 m | 5.2 m | 4.1 m | 3.5 m | 3.3 m | 9.8m | 9.5m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 5.8 m | 7.6 m | 6.2 m | 4.4 m | 3.8 m | 19.4m | 19.1m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.8m | 46.5m | 45.9m |
| | 20.8 m | 24.7 m | 22.7 m | 17.1 m | 17.6 m | 94.7m | 93.6m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**